

# Brandstofpryse styg weer in Maart-maand

Sedert Desember 2018 het motoriste met breë glimlagte die petroljoggies gevra om hul voertuie vol petrol en diesel te gooi. Dit het natuurlik die pad na hul vakansiebestemming goedkoper gemaak. Die goeie nuus was versprei vir die daling van ongeveer R1,85 per liter vir petrol en

R1,40 per liter vir diesel. Volgens die AA was dit die gemiddelde prysvlakke vir 2018. In Januarie 2019 het motoriste steeds breed geglimlag oor die petrol- en dieseldaling. Ongelukkig is die vooruitsigte in Maart-maand nie so positief nie. Volgens berigte noem die AA dat die styging in

internasionale petroleumpryse 'n negatiewe invloed op brandstofpryse gaan hê. As gevolg van die rand teenoor die dollar en die styging in die oliepryse raak die prentjie nog slegter. Volgens die voorspelling blyk dit asof petrol in Maart met sowat 43 sent per liter gaan styg en diesel met 62 sent per liter

meer gaan kos. "Indien die tendense in die oliepryse en die rand se prestasie nie stabiliseer nie, kan die prentjie nog donkerder raak voor die einde van die maand." Motoriste word aangeraai om die verhoging in die brandstofpryse by hulle begrotings in te reken.

## Lede kuier saam rondom Gesondheid



Heilbron Dienssentrumlede het hierdie week 'n program gehad wat gehandel het oor die gesondheidswaarde van sjokolade, rooiwijn en koffie. Natuurlik het die lede al drie uitgetoets en het dit baie aanvaarbaar gevind. Drie nuwe lede het by die Dienssentrum aangesluit. Hulle is Monica Coetzer, Susan Smith van Tweeling en Caryl Loots. Op die foto is Monica Coetzer en Sylvia Meades (bestuurderes van Heilbron Dienssentrum). Susan en Caryl was afwesing tydens die neem van die foto.



Erkenning: <https://www.dezaak.nl/879/bespaar-op-brandstof.htm>

## Akteurs by VKB Bieliemieliefees



Die week van 11 tot 17 Februarie was die bekende VKB Bieliemieliefees in Reitz, 'n groot geleentheid. Een van die opvoerings, Nêrens Noord-Kaap, is in samewerking met Hoërskool Reitz aangebied. Op die foto is die drie akteurs saam met Mnr. Uys le Roux (skoolhoof) van Hoërskool Reitz. Van links: Geon Nel, Mnr. Uys le Roux, Albert Pretorius en De Klerk Oelofse.

*Laaste veiling voor beslastingsjaareinde!*

**ULTIMO**  
AUCTIONEERS

**23**  
**FEBR**  
**2019**

*Veiling*

Kom kuier lekker saam op **SATERDAG, 23 Februarie** vanaf 10:00 tot laat... Bring jou hele gesin en geniet die dag!

- Springkasteel
- Boeremark met uitstallers en boot sale
- Kosstalletjies
- Musiek

**IMPLEMENTEVEILING om 10:00**  
**VEEVEILING om 11:00**

KRAALBESPREKINGS by Wolter | 084 407 9394  
Bennie Steenkamp | 082 328 4998  
STALLETJIEBESPREKINGS voor 20 Februarie by Liaani | 084 586 1741



## Die einde is in sig



Heilbron Herald - Vrydag, 24 Oktober 2014 - Die einde is in sig: Na maande se ongerief is die einde nou in sig. Donderdag het die kontrakteurs wat aangestel is om Kerk en Steilstrate in Heilbron te herstel, begin om die brugge op pad na Senwes te teer. Die padwerke het reeds in Junie begin. Dit was 'n miernes van werkers en masjiene wat saamwerk sodat ons 'n nuwe slaggtlose pad kan geniet.